

Die Skepping Seisoen

SEPTEMBER 1 TOT OKTOBER 4 - 2021



WEEK 4

TEMA - KOESTER ONSE MOEDER AARDE

SATERDAG 25 SEPTEMBER (1^{STE} VESPERS)

TOT

SONDAG 3 OKTOBER

VOORBEREI DEUR DIE DEPARTEMENT VAN EKUMENISME

O! MOEDER AARDE!

DEUR U DANS VORM DIE DAG EN NAG DIE KLEURE VAN DIE SEISOENE;
U IS AL TUISTE WAT ONS HET, DIÉ PLEK WAAR ONS GELIEFD EN VEILIG
VOEL.

O! MOEDER AARDE!

U BEMIN DIE EGO'S IN DIE BLOMMEPRAG, DIE VOËLGESANG,
DIE VERHEWENHEID VAN DIE BERGE, DIE DIEPTE VAN DIE OSEANE,
DIE WELIGHEID VAN DIE WOUDE, DIE GROEN WEIVELDE -
DIE DROË DUINE VAN DIE SANDWOESTYNE.

O! MOEDER AARDE!

MET ONTSAG EN EERBIED AANSKOU ONS U MANJIFIEKE SKOONHEID
EN VERBIND ONS ONSELF DAARTOE OM DIE REGTE KEUSES TE MAAK
EN NIE U GOEDHEID TE MISBRUIK

OF UIT TE BUIT NIE, MAAR OM IN KOMMUNIE ÉÉN MET U TE WEES.

ONS LOOF U, HERE, VIR ONSE MOEDER, DIE AARDE,

WAT ONS MET HAAR VRUGTE, KLEURRYKE BLOMME EN KRUIE VOED.

ONS LOOF EN SEËN U, HERE,

EN ONSE DANK U EN DIEN U IN ALLE NEDERIGHEID.

ONS SEËN, LOOF EN DANK U DEUR CHRISTUS, ONSE HERE. AMEN

(UIT: LAUDATO SI, PRESENTATION SISTERS UNION & ST. FRANCIS)



1. WAT SÊ DIE WOORD VAN GOD?

Voorlesings van die 26^{ste} Sondag in Jaarkring B

1^{STE} VOORLESING: Numeri 11:25-29

BEURTPSALM: Psalm 18

2^{DE} VOORLESING: Jakobus 5:1-6

EVANGELIE: Markus 9:38-48

2. WAT SÊ LAUDATO SI?

“Ons het nog nie daarin geslaag om ‘n sirkel produksiemodel uit te werk waarby hulpbronne vir almal van ons en vir toekomstige generasies bewaar word nie. Ons behoort die gebruik van nie-hernubare hulpbronne maksimaal te beperk en ook hulle verbruik te matig, sodat doeltreffende verbruik gestimuleer word en daar soveel moontlik hergebruik en herwin word.” (L.S. # 22)

3. DINK 'N BIETJIE

Vandag se voorlesings roep ons op om die werking van die Heilige Gees in ander mense se lewens te respekteer. Net so moet ons die spesifieke rol van elke ding in die natuur respekteer waarby die lewe vergroot word en daarna strewe om dit nie te vernietig nie.

GEBED VIR MOEDER AARDE

ALMAGTIGE GOD, U IS ORAL AANWESIG;
IN DIE UITGESTREKTHEID VAN DIE HEELAL
EN IN DIE KLEINSTE VAN U SKEPELS.
IN TEERHEID OMHEL S U ALLES WAT BESTAAN.
STORT U LIEFDESKRAG OOK UIT OOR ONS,
SODAT ONS DIE LEWE EN SKOONHEID SAL BESKERM.
VERVUL ONS MET VREDE, SODAT ONS AS BROERS EN SUSTERS
SAAM MAG LEWE EN NIEMAND SKADE AANDOEN NIE.
O GOD VAN DIE ARMES, HELP ONS OM HULLE TE RED
WAT OP HIERDIE AARDE VERSTOTE EN VERGETE IS,
MAAR SO KOSBAAR IS IN U OË.
GENEES ONS, SODAT ONS DIE WÊRELD SAL BESKERM
EN NIE UITBUIT NIE,
SODAT ONS SKOONHEID SAL SAAI
EN NIE BESOEDILING EN VERWOESTING NIE.
O! MOEDER AARDE!
IN U AANSKOU ONS DIE ONPEILBARE GEHEIMENIS VAN DIE SKEPPER:
DEUR DIE ONTVOUING VAN U SKOONHEID,
VERSCIEDENHEID, KREATIWITEIT EN LEWENSKRAG,
NOOI U ONS UIT OM BEWUS TE RAAK VAN DIE GEHEIMENIS VAN ONS
ÉÉNWEES.



onnodige rondryery af te skaal of van vervoer gebruik te maak wat minder besoedel (saamry of openbare vervoer of energie besparende enjins).

MAANDAG: Soek artikels op die internet oor afval beheer. Dink en bid daarvoor.

DINSDAG: As u 'n tuin het, gebruik kompos om minder staat te maak op chemiese voedingstowwe en verbeter so die grondgehalte.

WOENSDAG: Verseker dat voedselafval in 'n sak apart van die ander gemors in die vullisdrom gesit word.

DONDERDAG: Ondersoek hoe u voedselvermorsing kan verminder deur die hoeveelhede wat u vir die familie of gemeenskap kook aan te pas en gebruik te maak van die vries- en yskas..

VRYDAG: Maak seker dat u 'n spesiale sak het vir papier, glas en plastiese afval. Kyk na maniere om die herwinning van u huisafval te verbeter.

SATERDAG: Neem gereeld u glas afval na 'n munisipale vullishouer vir glas herwinning.

SONDAG: Probeer battery en elektroniese afval na die regte plekke vir herwinning te neem.

“Die verhaal van die Heelal wys ons die ideaal van alle realiteit. Net soos ons dit in ons eie taal vertel, sal die voëls dit in hul taal en op hul manier vertel. Ons lees die verhaal van die Heelal in die bome. So vertel die wind ons ook hulle storie. Alles wat bestaan vertel op hul unieke manier die verhaal van die Heelal.

Wat verlang die Aarde?

Kortliks die volgende ...

- Dat haar skoonheid bewonder sal word.
 - Dat sy geproe word in haar heerlike vrugte.
 - Dat ons sal luister na wat sy het om te leer.
 - Dat haar strenge dissipline gehoorsaam sal word.
 - Dat sy versorg sal word as die moederlike bron, waaruit ons voortkom en waarheen ons terugkeer”.
- (Thomas Berry – 1914-2009)

4. LAAT ONS BID

SONDAG: Liefdevolle God, Skepper van die Heelal, U ken elke skepsel en sy behoeftes. Vol vertroue bring ons nou namens die hele Skepping ons versoeke voor U.

Gee ons u Gees om die verbintenis raak te sien wat tussen alle realiteite bestaan, en die respek wat elkeen van hulle in



hul tyd en ruimte verdien, sodat ons 'n lewegewende wêreld aan toekomstige generasies kan deurgee. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

MAANDAG: Dat mense van alle gelowe die Skepping Seisoen sal gebruik as 'n tyd om hulleself daaraan te herinner hoe goed die hele skepping is, dat dit ons respek verdien, dat ons daarvoor sal bid en sal werk vir die welsyn daarvan. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

DINSDAG: Dat die Kerk en geloofsgemeenskappe in die noodkreet van die natuur die tekens van die tye sal lees en erken dat dit gewond is deur die mens se onvermoë om sy roeping as bewaker van alles wat bestaan raak te sien. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

WOENSDAG: Dat internasionale organisasies sal opstaan teen die uitbuiting van die hulpbronne wat so vrygewig deur Moeder Aarde aangebied word, asook vir al ons broers en susters wat in ellende verkeer a.g.v. die vermorsing en misbruik van die natuur deur individue en nasies. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

DONDERDAG: Dat hulle wat in politiek betrokke is, asook elke landsburger, al hoe meer bewus sal word dat enige aksie wat nie die omgewing eerbiedig nie, ook die bestaan van die mensdom en die grondslag van vrede ondermyn. *R*/

Skepper God, verhoor ons.

VRYDAG: Dat hulle wat in God glo binne hul eie godsdienstige tradisies 'n spiritualiteit en praktyk sal ontwikkel wat ooreenstem met ons herkenning van die natuur se goedheid en so bydra tot die groei van 'n wêreld van liefde, geregtigheid en vrede, waar alle lewende wesens hul Skepper loof. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

SATERDAG: Dat die voorbeeld van die heilige Franciskus jongmense sal inspireer om op 'n volwasse manier te kies vir 'n leefstyl wat onselfsugtig volhoudbaar is, eko-stelsels sal bewaar, almal se toegang tot basiese hulpbronne sal waarborg en praktyke sal aanmoedig wat die fundamentele regte van elke mens en skepsel sal respekteer. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

SONDAG: Dat ons almal wat deelneem aan die Sondag Eucharistie, God die gawes sal aanbied wat die aarde ons gee en mensehande gemaak het, en bereidwillig sal wees om gehoor te gee aan God se woord wat ons oproep om profete te wees van 'n skepping wat vernuwe word deur die lyding, dood en opstanding van Jesus. *R*/ Skepper God, verhoor ons.

5. KOM ONS DOEN IETS

SONDAG: Vind maniere om minder te besoedel deur

